# RENTMEESTERSMAAND 2010

**GOD GEE AAN ONS GAWES –**

**AANSLUITING:**

- GOD IS GOED – Jakobus 1:17
- HY GEE AAN ONS GROND, GELEENTHEDE, GELD EN GAWES EN
- STEL ONS AAN AS BESTUURDERS DAAROOR.
- TOT DUSVER HIERDIE MAAND HET ONS AANDAG GEGEE AAN HOEDAT GOD VERWAG DAT ONS DIE AARDE (WAT SY AARDE IS) EN TYD (WAT SY TYD IS) EN GELD (WAT OOK SYNE IS), MOET BESTUUR.
- VANDAG: ONS GAWES EN DIE REGTE GEBRUIK/ AANWENDING DAARVAN.

**LEES:** ROMEINE 12:1-8; 1 PETRUS 4:10,11

1. **WAT BEDOEL ONS WANNEER ONS VAN "GAWES" PRAAT?**

1.1 **HULLE AARD**:
Die woord vir gawe is die Griekse woord **"charisma"** wat 'n *gratis geskenk*, 'n *genade-gawe* beteken. Hierdie gawes word dus nooit VERDIEN NIE. Ons kry dit *onverdiend*, uit *genade*. Daar is dus geen rede vir **hoogmoed** of minderwaardigheid nie (1 Kor 12:14-21).
Die woord word veral gebruik vir **spesiale vermoëns** wat die Heilige Gees aan Christene gee om 'n **bydrae** in die liggaam van Christus (kerk) en in die wêreld **tot verheerliking** van God te kan lewer (1 Petrus 4:10,11).
Dit kan 'n *natuurlike talent* ook wees. So kan iemand byvoorbeeld haar **sporttalent** gebruik in diens van die kerk en om daarmee die wêreld 'n beter plek te maak in plaas van om dit net vir eie voordele te gebruik.
**Saam met** die gawe kom dus ook die **verantwoordelikheid**. *Hoe meer* gawes, hoe meer verantwoordelikhede! (lees Rom 12:7)

1.2 **DIE BRON**:
Die Heilige Gees is die BRON of OORSPRONG van die gawes – soms: *"gawes van die Gees"* genoem (1 Kor 12:1). Hy is die UITDELER van die gawes en gee dit *"soos Hy wil" (1 Kor 12:11)*. 'n Mens kan nie kies of voorskryf nie.

1.3 **DIE ONTVANGERS**:
ALLE CHRISTENE het ten minste een gawe (1 Kor 12:7,11). Ons kan dus sê *alle* kinders van die Here is **begaafd**, het **charisma**! Jy is nie alleen 'n **lid** *van die liggaam* van Christus nie, maar jy het ook **die vermoë** ontvang om 'n bydrae te kan lewer tot die liggaam se **beswil**.
Petrus praat in ons teksvers van ons as *"bedienaars van die veelvoudige genade van God"*. Die Griekse woord daarvoor is **"oikonomos"** wat 'n *bestuurder* of *dienskneg* in 'n huishouding beteken. Ons woord *ekonomie* kom ook daarvandaan. Om **ekonomies** te werk te gaan, beteken bv om *verstandig* met die fondse van die huishouding om te gaan, om die **heel beste** daarvan te maak.

Oikonomos sê ons is **nie eienaars** nie, maar *bestuurders* van God se huishouding. Ons moet *rekenskap* gee van wat aan ons sorg toevertrou is. Ons moet soos goeie ekonome/ bestuurders/ rentmeesters **verstandig** met die Heilige Gees se gawes aan ons omgaan deur die *heel beste* daarvan te maak.
**Hoe** doen ons dit?

1.4 **GAWES SE ONMIDDELLIKE DOEL:**
Petrus sê elkeen moet *"namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien."* Dit is die **eerste** en onmiddellike doel met ons gawes. Ons gawes is daar vir **die voordeel** van die *hele* liggaam (1 Kor 12:7). Almal kry *nie dieselfde* gawes nie en almal kry ook nie *eweveel* gawes nie. Die bedoeling is dat ons mekaar sal **aanvul**. Niemand hoef **alles self** te doen nie. In 'n **koor** is daar bv basse, tenore, alte en soprane. Een koorlid hoef nie al die stemme te sing nie. (Laas toe ek dit probeer het, het hulle gesê ek sing vals!)

1.5 **HULLE UITEINDELIKE DOEL**:
Die **uiteindelike** doel is dat **God se plan** uitgevoer word en dat **Hy die eer ontvang** wat Hom toekom: *"So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus…"* God word **verheerlik wanneer** ons ons gawes aanwend *soos wat Hy bedoel* het. En solank God verheerlik word, beantwoord ons lewe aan sy doel, is dit **sinvol**, is dit 'n **sukses**. **God voorsien** die gawes wat nodig is om 'n sukses van ons lewe te maak. Ons moet dit net ekonomies, verstandig gebruik.

2. **VOORBEELDE VAN GAWES**:
**Petrus** noem twee voorbeelde van sulke genadegawes om sy punt te illustreer, nl. die gawe om te *preek* en die gawe om te *dien*. In **Rom 12** word die gawe om *onderrig* te gee, om mense te *bemoedig*, om te *gee*, om *leiding* te gee, om te *help* genoem. Daar is ook soortgelyke lyste in **1 Kor 12 en Ef 4:** *organisasie, skeppende vermoë, onderskeiding, evangelisering, geloof, gasvryheid, voorbidding*. Ek glo die Here het vir **hierdie gemeente** ook al die gawes gegee wat ons nodig het om 'n suksesvolle gemeente te kan wees. **Ons moet net goeie rentmeesters wees!** Hoe doen ons dit?

**3. GOEIE RENTMEESTERSKAP**
Al hierdie gawes is daar om te gebruik *tot diens aan ander* en tot *verheerliking van God*. Hulle is nie bedoel om ORNAMENTE te wees nie, maar INSTRUMENTE. God gee dit nie aan my om daarmee te *spog* nie, maar om daarmee te *dien*.
Die **regte manier** om dit te gebruik, is *"in liefde"*. Nadat Paulus in 1 Kor 12 oor die verskillende genadegawes geskryf het, sê hy: *"Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is"* - en dan skryf hy die bekende woorde oor die liefde. Daarin sê hy bv dat *"Al het ek die gawe om God se boodskap te verkondig…, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks."* (:2)

God gee aan ons die gawes *uit* liefde – vir onsself en vir ander. Ons sal **goeie rentmeesters** wees wanneer ons dit *in* liefde gebruik in diens van ander, tot verheerliking van Hom as die gewer.

4.**HINDERNISSE**
Wat **kan verhinder** dat ek 'n goeie rentmeester van die gawes is?

**4.1 "GOD ROEP NET PARTY MENSE"**
Daar is bv **die siening** wat ongelukkig by baie lidmate voorkom dat God net party mense soos predikante en sendelinge roep om vir Hom te werk. **Die waarheid** is dat AL sy kinders ook deur Hom geroep en toegerus is om vir Hom te werk.
4.2 **VREES**
Tweedens het baie die vrees dat hulle **sal misluk** en nou probeer hulle nie eers nie. Mense wat dit *regkry om foute te maak* kry gewoonlik ook baie ander goed reg. 'n Mens kan l*eer* uit jou foute.
Party is weer bang vir **verwerping**. Hulle maak dan soos die man in die gelykenis wat sy talent gaan begrawe het.
**4.3 EIE AGENDAS**
Nog 'n hindernis is wanneer iemand sy/haar eie agenda het. Dit gaan vir hulle in die gebruik van hul gawes **nie om diens nie**, maar om eie *gewin, 'n soeke na eer, bewondering, mag en aansien*.
4.4 **GEBREK AAN TOEWYDING**
'n Gebrek aan ware toewyding **aan die Here en sy liggaam op aarde** kan ook 'n struikelblok wees. Ek het wel die gawes, maar is *te lui*, of *te gemaksugtig* om dit te gebruik. Ek is *nie lus* om my verantwoordelikheid na te kom nie.
4.5 **VERKEERDE KERKVERSTAAN**
'n **Verkeerde kerkbeskouing** speel in baie gevalle 'n rol. Daar word na die kerk gekyk asof dit '**n klub** is wat daar is *ter wille van my* en die ander lede. Nee, die kerk is die **liggaam** van Christus wat daar is **vir ander**. Die kerk is God se **instrument** om die wêreld mee te bereik. Lidmate is veronderstel om *deelnemers* te wees, nie toeskouers nie. Ons is daar om *te dien*, nie om vermaak te word nie. Ek neem nie in die eerste plek deel omdat dit vir my *lekker* is nie, maar omdat dit <u>nodig</u> is. Dink u dit was vir **Jesus lekker** om gekruisig te word? Maar dit was *nodig*. **Geestelike leiers** is nie veronderstel om self al die werk te probeer doen nie, maar het onder andere die taak om lidmate **af te rig** sodat hulle hul gawes ten beste kan aanwend.

5. **GOEIE NUUS**
Gemeente, die goeie nuus is: Elkeen van ons het **die vermoë en die voorreg** om 'n bydrae – groot of klein – te kan maak.

| |
|---|
| *"What God has called you to do He has gifted you to do, and what He has gifted you to do He has called you to do."* (Matt 28:19; 1 Pet 4:10,11; 1 Kor 12:7; Kol 1:29) |

Amen

28/02/2010

KLEINGROEPBESPREKING

- Wat in die preek of Skrifgedeeltes het jou getref?
- Wat is jou gawe(s)? (Vergl. 2)
- Is jy tevrede met die manier waarop jy dit tans aanwend tot die liggaam van Christus se beswil? (1.4)
- Wat kan jy anders doen?
- Watter hindernisse is daar in jou geval? (4)
- Met watter van die stellings in 4.5 verskil/ stem julle saam?

Dink julle die Rentmeestersmaand was 'n sukses? Ons (ek, Esmari en Jeff) sal graag wil hoor.

**SKRIFLESINGS OM TE BESPREEK**



RENTMEESTERSMAAND 2010

**GOD IS GOED! (Jakobus 1:17)**

**3. HY GEE AAN ONS GAWES**

Lees en skryf dan gerus na elke Skrifgedeelte wat jou daarin getref het om later weer daarna te kyk:

**SONDAG:**
1 Petrus 4:7-11

……………………………………………………………………………………

**MAANDAG:**
Eksodus 35:30-36:1; Romeine 12:3-8

……………………………………………………………………………………

**DINSDAG:**
1 Korintiërs 12:1-11

……………………………………………………………………………………

**WOENSDAG:**
1 Korintiërs 12:12-31

……………………………………………………………………………………………..........................

**DONDERDAG:**
Efesiërs 4:11-16

……………………………………………………………………………………………..........................

**VRYDAG:**
1 Tim. 4:14; 2 Tim 1:6,7 en 1 Korintiërs 4:1-5

……………………………………………………………………………………………..........................

**SATERDAG:**
Joh 3:16 en Rom 12:1-3

……………………………………………………………………………………………..........................

Gesels met mekaar oor wat julle getref het en oor Sondag se preek.

**"Gawes is nie *ornamente* om mee te spog nie, maar *instrumente* om in die Here se diens te gebruik."**